**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**
**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 0 3 5 | 9 8 0 3 0 3 0 6 2 | 1 5 | 1 2 9 9 |

IN DEO SAPIENTIAE LUX

-3 MAR 1998

Beeld Jg............ Nr..................... P...5..... Dat..............................

# AHI-baas sê oor WVK-voorlegging

## Voorbereiding was 'verleentheid'

Dit was 'n verleentheid vir almal wat meegedoen het aan die voorbereiding van die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI) se voorlegging aan die Waarheid-en-Versoeningskommissie totdat hulle agtergekom het dat die AHI nie altyd gehou het by die riglyn om buite die partypolitiek te bly nie.

Só het mnr. Jacob de Villiers, uitvoerende direkteur, van die AHI gesê.

"Die vasbeslotenheid van die hoofbestuur om nie weer in só 'n wip te trap nie, kan beslis deur aktiewe ledebetrokkenheid op alle vlakke versterk word," het De Villiers verlede week in 'n toespraak voor die Naboomspruitse Sakekamer gesê.

In die voorlegging het die AHI erken dat die riglyn oortree is, waardeur die AHI bygedra het tot die ontsaglike lyding weens apartheid.

Die AHI kon egter ook wys op die beskikbaar van 'n ruim bedrag geld in die Sasria-fonds wat moontlik vir reparasie aangewend kan word, het hy gesê.

Die voorbereiding van die voorlegging het dikwels moeilike keuses vereis, maar die maatstaf wat deurentyd gegeld het, was die sakebelang van AHI-lede.

Hy is met die aanbreek van die nuwe jaar getref deur die agterdog en wantroue aan albei kante van die politieke spektrum.

Die politiek is 'n belangrike, maar nie die enigste hoek nie, waaraan belewenisse gemeet moet word.

Die gewone opgewondheid oor die begin van 'n nuwe jaar is vanjaar afwesig.

"Die eerste woord is oor negatiewe ervarings met die golf van misdaad, ontsnappings uit aanhouding en agterdog jeens regeringsleiers."

Die langsamer pas van verbruiksbesteding en hoë reële rentekoerse het ook 'n negatiewe uitwerking op sakelui.

Tog stem ekonome saam dat die prima oortrekkingskoers kan daal, selfs met tot drie persentasiepunte, en dat die vraag in die ekonomie in die tweede helfte van die jaar kan vergroot.

"Nog goeie nuus is dat die inflasiekoers vanjaar die laagste in baie jare kan wees – sommige kenners meen dat die tyd van hoë inflasie vir eers verby is," het De Villiers gesê.

TREFWOORDE

1 Dinkleiers
2 AHI
3 Kommentaar
4 voorleggings
5 Waarde
6 Kommissie v
Waarheid
7 Positiwisme
8 Ekonomie
9 Naboomspruit
10